# HOOFSTUK II.

## DIE ONDERWYSBEROEP IN SY OPSET EN VEREISTES.

1. EMPIRIESE TOETSING EN TEORETIESE KONSTRUKSIE: Vir die doel van besinning en ondersoek na moontlike gemeenskaplike kenmerke in grondhouding teenoor die totaliteit van probleemkringe met nadruk op die opvoedkundige arbeid wat binnekant hierdie probleemkringe verrig word, moet eers 'n so volledig moontlike beskrywing van die objektiewe vereistes van die onderwysberoep gegee word. Sulke vereistes bestaan. Die vraag is deur wie hulle daargestel is. Sommiges mag sê dat hulle deur die praktyk veroorsaak word. Maar dan kan onmiddellik gevra word waarom dat die praktyk is soos hy is wat hierdie eise kan stel. Wat meer is: geen praktyk kan hom daarop beroep dat hy die praktyk is wat hy is uit hoofde van die praktyk nie. Iets anders het die praktyk gemaak wat hy is.

In hoofsaak is hierdie eise uitinge van lewensopvatting met hulle ingehoue eise van behoorlikheid. Dis derhalwe ook ondenkbaar dat die objektiewe eise wat deur die onderwysberoep gestel word, van algemene aard kan wees. Die lewensopvatting en die mensbeskouing van volkere verskil, daarom sal elke volk van sy skole iets anders verwag en wat verwag word, bepaal in 'n oorwegende mate die eise wat aan die beroepsbeoefenaar gestel word. Die vraag is dus met watter volk ons te doen het. Wat is sy beskouinge oor die herkoms, wese en bestemming van die mens en waaraan heg hy waarde, waaraan opperste waarde? Wat is sy rangorde van waardes wat hy huldig? Onderskrywe hy die volstrekte waardes as opperste waardes of geniet die relatiewe waardes opperste voorrang? Alleen wanneer daar eenstemmigheid is wat betref die fundamentele kwessies van mensbeskouing en lewensopvatting - en dié sal daar seker nooit wees nie - sal daar eenstemmigheid wees wat betref die objektiewe vereistes wat deur die onderwysberoep geïmpliseer word.

Maar/.....

Maar tog kom nou iets anders by. Selfs al sou 'n volk aan die volstrekte waardes opperste voorkeur gee en hulle verwesenliking via die skool in die vooruitsig stel, sal die gedurig veranderende ekonomiese, sosiale, kulturele en staatkundige toestande uitgebreider, selfs verhoogde eise aan die beroep stel.

Iemand wat met die opvoedkundige teorie op hoogte is, die praktyk van die onderwys ken en ook vertroud is met die lewensopvatting van die bepaalde volk, kan vir homself uitmaak watter vereistes deur die beroep gestel word en waaraan die beoefenaar sal moet voldoen indien hy 'n beroepsaangepaste met beroepswil en beroepstevredenheid wil wees. Deur grondige besinning oor die diepere betekenis van opvoeding met sy implikasies en uit hoofde van 'n toereikende kennis van die praktyk van die onderwys kan 'n beeld gevorm word waarin die grondhouding, duursame ingesteldheid en lewensopvatting met insluiting ook van die temperament, intelligensiepeil, karakter, persoonlikheid, gesondheidstoestand ens. beliggaming vind. Maar hierdie beeld is idealitêr, dis 'n teoretiese konstruksie, dit mag suiwer ideaal- en ook ideëeltipies wees. Dit bly 'n ope kwessie of selfs die mees suksesvolle beroepsbeoefenaar hierdie idealiteit sal bevestig. Die afstand tussen ideaal en werklikheid, tussen wat behoort te wees en wat is, kan meermale baie groot wees. Die werklike toedrag van sake mag selfs bedroewend en teleurstellend wees. Dit mag ook wees dat die idealiteit te hoë eise stel, m.a.w. dat geen impiriese toetsing die teoretiese konstruksie bevestig nie. Maar dit mag ook wees dat nie genoegsaam rekening met die beperkende invloede van buite gehou word nie en dat geen of weinig oorweging geskenk word aan die diepe gespletenheid in die mensenatuur. Hoe dit sy: ons het met 'n tweeërlei moontlikheid te doen: 'n grondhouding op basis van teoretiese konstruksie (met of sonder inagneming van die eise van die praktyk) en die afleiding van 'n grondhouding op basis

van/.....

van volledige empiriese toetsing binnekant die kader en eise van die praktyk. Otto Selz praat in hierdie verband treffend van 'Strukturtypen' of 'Idealtypen' in teenstelling met 'empirische Typen' en 'Korrelationstypus'[1]. Die navorsing wat reeds op die onderhawige gebied verrig is (cf. Hoofstuk VIII) bring die interessante feit aan die lig dat die een reeks suiwere teoretiese konstruksiewerk verrig het, die ander groep empiriese toetsing.

Vir wetenskaplike doeleindes sal dit nie van enige waarde wees om oor die moontlike afstand tussen realiteit en idealiteit te spekuleer nie. Die werklike toedrag van sake moet ondersoek word en wel so onpartydig, saaklik, objektief en onbevooroordeeld as moontlik. Indien langs wetenskaplike weg sodanige gegewens versamel kan word waaruit induktief 'n beeld van die gemeenskaplikheid in grondhouding afgelei kan word, behoort daaruit die ware toedrag van sake weerspieël te word. Dit bring ons by die metode van ondersoek met sy eise. Oor die aangewende metode word later betreklik volledig gehandel. Op hierdie stadium moet alleen daarop gewys word dat om die gemeenskaplikheid in grondhouding teenoor die verskillende probleemkringe, veral teenoor die beroepsverbondenhede te kan aantoon, uitgebreide ondersoek veronderstel word. Ons het met mense in hulle eie bestaansproblematiek te doen, hulle wil en waardebepaling, hulle wense en begeertes, eie geskiedenis met al die ervaringe daaraan verbonde, hulle grondelose verlatenheid op die weg van eensaamheid en alleenheid, hulle eie worsteling met lyding en kwaad, gewete en skuld, liefde en haat, ens. Ons het met mense in hulle volle persoonlikheidsuitinge teenoor

ander/.....

(1) Selz: Über die Personlichkeitstypen und die Methoden ihrer Bestimmung. vergelyk veral 17-20.

ander wordende persoonlikhede te doen teenoor 'n gemeenskap, 'n owerheid, ander beroepe en professies, en oneindig meer sulkes. En waar ons empiriese toetsing as noodsaaklike vereiste stel, ontstaan die vraag of kwantitatiewe meting op hierdie terrein moontlik is. Is gesindheid en karakter, opset en wil kwantitatief bepaalbaar? Treffend sê Mursell: "The general statement may be made that tests of moral conduct and character are of very doubtful validity"(1). As ons sê dat ons meet, weet ons wat ons meet of meet ons enkel uitinge sodat die moontlikheid geensins uitgeslote is nie dat ons in werklikheid iets anders meet as wat ons wou meet nie? Gaan dit nie veel eerder om bedoelinge en gedragsuitinge te interpreteer en te verstaan veral langs die weg van sinbegrypende nabelewing nie? Ons het hier in die eerste plek nie met meetinstrumente, meettegnieke en rekensomme te maak nie maar met lewenshoudinge en gesindhede, met wil en waardebepaling. Ons het met persoonlikhede te doen wat ook in hulle beroep uit hulle verstand, hulle wil, hulle sin vir waardes, uit liefde en vertroue lewe.

En les bes: kan die navorser hom in sy metode van ondersoek en in die interpretasie van sy resultate ooit losmaak van sy eie lewensopvatting, grondhouding en waardevoorkeur deur waardeteëstelling? Om 'n probleem te kan formuleer, beteken dat mens 'n oplossing vermoed, anders kan jy hom nie formuleer nie. Dieselfde geld mutatis mutandis ook vir die ondersoek na die aard van lewensopvatting van suksesvolle beoefenaars van die onderwysberoep. Geen ondersoeker kan hom van sy eie geskiedenis losmaak nie. Dis 'n feit wat eenvoudig onder oë gesien moet word. Maar dis gelukkig dat vir elkeen van ons die onbetwisbare stelreël geld, naamlik, dat die lewe oneindig sterker as enige teorie is.

'n Karakterisering/.....

(1) J.L. Mursell: Psychological Testing, 260.

'n Karakterisering van die onderwysberoep na sy objektiewe vereistes of in sy empiriese opset het as sodanig nog niks te maak met die moontlikheid van 'n pedagogiese tipologie nie. Dis mynsinsiens tog nodig om 'n beskrywing daarvan te gee sodat wanneer die empiriese toetsing uitgevoer en proewe van 'n pedagogiese tipologie eventueel aangebied word, mens jou dan kan afvra of 'n sodanige tipologie aanklank vind by die beroep in sy praktiese opset. Dit staan verder ook in geen verband met reeds uitgevoerde ondersoeke nie. Hierdie beligting is derhalwe van 'n suiwer deskriptiewe aard. Die beskrywing het verder betrekking op Suid-Afrikaanse toestande en omstandighede en soos verder deur wette en ordonnansies vasgelê is. Terloops kan ook hier vermeld word dat die uitgevoerde ondersoek in verband staan met suiwer Suid-Afrikaanse, daarby oorwegend Afrikaans-nasionaal-christelik georiënteerde beoefenaars.

## 2. DIE VERSKILLENDE FASETTE VAN DIE ONDERWYSBEROEP.

Aangesien die beroep so omvattend is, word dit terwille van oorsigtelikheid onder bepaalde fasette beskrywe. Ons wil die volgende noem:

(a) Die Beroep in sy filosofiese Faset: Hieroor is indirek reeds die een en ander vermeld. Die volgende kan bygevoeg word:

Die amptelike beoefening van die beroep vind in 'n instelling plaas wat as 'skool' bekend staan. Laasgenoemde is die offisiële arbeidsterrein van die opvoeder-onderwyser(1). Onder die maatskaplik-opvoedkundige instellinge staan die skool wat belangrikheid betref, sekerlik bo-aan die lys.

Hier word die jeug op doelbewuste, stelselmatige, verantwoordbare, toerekeningsvatbare en intensionele wyse in die aktiewe, daadwerklike lewe met sy veelvuldige vereistes ingelei. Die uitstaande kenmerke van hierdie

bedrywigheid/.....

(1) Hierdie koppelbegrip word spesiaal gebruik omdat dit weergee wat die beoefenaar van die beroep in werklikheid doen. Hy verrig nl. 'n dubbele funksie, te wete opvoedings- en onderwyswerk.

bedrywigheid is dat deurgaans met voorbedagte rade te werk gegaan word. Alle aktiwiteite kenmerk hulle deur opsetlikheid, doelbewustheid en oordeelkundigheid. Die werk wat die skool teenswoordig vir sy rekening neem, is oorspronklik deur die ouers verrig maar op grond van die steeds toenemende gekompliseerdheid van die moderne lewe, die snel veranderende sosiale en ekonomiese toestande met die daeliks stygende eise wat deur gedurige veranderinge gestel word, kan die ouers hierdie taak nie meer na behore verrig nie. Maar al neem dit 'n deel van die werksaamhede van die ouer vir sy rekening, is dit geensins 'n verlenging of 'n uitbreiding van die huis nie. Die skool is en bly 'n kunsmatige, onafhanklike, selfstandige en eiesoortige inrigting wat uit die menslike samelewing opgekom het. Hier vind 'n kommunikasieproses plaas waarby die jonger lede van die gemeenskap daadwerklik deelneem aan die gemeenskaplike kultuurbesittinge van die moderne samelewing maar waarby ook die kultuurgoed in 'n gesuiwerde, gesistematiseerde en vereenvoudigde vorm aan die jeug aangebied word. Hier word kennis en kundighede ontwikkel, maar hier word ook deurgaans getrag om die volle mens harmonies in die volle werklikheidsverbondenhede in te lei.

In sy filosofiese opset is die skool geen skeppende nie, maar 'n bewarende en bevorderende instelling. Die groot gedagtes wat in die lewe ingedra moet word, word buitekant die skool gebore. Die skool het geen eie beweging nie; dit volg en bou op die gedagtes wat eers die lewe omgewentel het. Die pedagoog as sodanig volg alleen die wysgeer in hom of buitekant hom. Die belangrikste strydvrae word buitekant die pedagogiese arena, selfs buitekant die psigologie besleg. Die skool met sy bedrywighede beliggaam enkel die neerslag van wat as waardevol en nastrewenswaaridg in die lewe gehuldig word. Wat ons eendag in die lewe ingedra wil hê, moet in die skool 'n

begin/.....

begin mee gemaak word. En wanneer mens inderdaad wil uitvind waaraan 'n gemeenskap of die volk waarde heg, moet daarvoor in die skool gesoek word. Alle hervormers van watter nering en kaliber ook al, verwys altyd na die skool.

Elke gevestigde lewensopvatting of elke revolusionêre, staatkundige, godsdienstige of maatskaplike beweging het 'n opvoedkundige ideologie en 'n bestaande praktyk of die praktyk word dienooreenkomstig gewysig. Elke lewensopvatting behels 'n opvoedingsteorie en elke opvoedingsteorie is op 'n lewensopvatting gebou. Die geskiedenis van die opvoedkundige teorie en praktyk leer ons op elkeen van sy bladsye dat opvoedkundige strominge gedurig die eb en vloed van die oseaan van die wysbegeerte, in sonderheid die lewensopvatting, volg. Die praktiese vraag: wat behoort daar gedoen te word, wat moet gehuldig, nagestreef en verwesenlik word en wat kan maar gelaat word, reflekteer homself in die skoolbedrywighede. Die skool probeer om van die mens te maak wat van hom gedink word, waarin sy bestemming geleë is en wat as waardevol in die lewe geag word. Dis die heersende mens- en lewensbegrip wat die gang van die opvoedkundige teorie en praktyk bepaal. Opvoeding en onderwys is lewensverskynsels. Hulle word uit die lewe en die lewensbehoeftes gebore, hulle staan in die lewe, hulle is bedoel vir die lewe, hulle is lewe, hulle is soos vroeër reeds aangetoon is, die mees reële en die mees sinvolle uitinge van mensebestaan wat ewe-eens onder die kategorie 'lewe' tuishoort. Maar die aard van die lewe wat gewek word, sowel as die interpretasie wat aan die bestemming van die mens gegee word, is afhanklik van beskouinge oor die lewe en die mens in die lewe.

Uit die voorgaande opmerkinge blyk waarskynlik genoegsaam dat die onderwysberoep onteenseggelik sy filosofiese faset het. Dit spreek ook genoegsaam hieruit dat in 'n

beskrywing/.....

beskrywing van die beroep hiermee besliste rekening gehou moet word. Die feit wat hier nogeens onderstreep moet word, is dat die oogmerke wat die skool deur middel van sy praktyk probeer verwesenlik, hulle oorsprong buitekant die skool het. Die skool is geen skeppende nie maar 'n bewarende en propagerende instelling. Dit is die bewaar- en distribusie-oord van waardevolle kultuurgoed wat die mensheid as geheel maar ook die volk in die besonder in die gang van sy geskiedenis sy eie gemaak het. Dit is verder die kweekplek van idees wat wending in die gang van die bestaande behoort te bring. Dit is by uitnemendheid in sy filosofiese opset dat van onderwys en opvoeding as 'n beroep gepraat moet word. Dit beliggaam 'n mens-tot-mensverhouding, 'n verhouding wat hom laat kenmerk deur waardebepaling, waardevoorkeur en waardeverwesenliking. Die beroep in sy filosofiese opset kom dus met besondere eise na sy beoefenaars. Hulle moet vertroud wees met wat as waardevol en nastrewenswaardig gehuldig word wat nie beteken klakkelose aanvaarding daarvan nie. Maar indien die waardevolle geleë sou wees in wat eenmaal was en in dié dinge waaruit en waardeur 'n volk gelewe het op die pad van sy bestemming, soos byvoorbeeld sy godsdiens en sy moraal, sal dit beslis volks- en mensgevaarlik wees indien die opvoeder-onderwyser volksvreemde kultuurwaardes sou wil propageer. Ook vir die opvoedkundige teorie en praktyk geld die waarheid dat die mens baie groter erfgenaam as erflater is.

Die onderwysberoep behels noodwendig twee kenmerkende elemente, naamlik 'n konserwatiewe en 'n progressiewe. Konserwatisme en progressiwiteit is inherent eie aan hierdie beroep; hulle lê ingebed in die totaliteit daarvan. Daarom wys die beroep ook na twee kante: die verlede en die toekoms. Tussen die essensialistiese standpunt en doel aan die een kant en die progressiewe standpunt en doel

kan/.....

kan nogal heelwat gestoei veroorsaak word. Die beslissing na hierdie of daardie kant sal afhang van die lewensopvatting van die besondere volk soos weerspieël word ook in sy historiese lotgevalle. Feit bly dat die beoefenaar van hierdie beroep hom moet vergewís van die lewensopvatting en mensbeskouing van die volk wie se kinders hy vir sy opvoedingsrekening neem. Sou hy hom daarmee nie kan vereenselwig nie, mag hy nog kennis en kundighede kan bybring, maar sal hy geen opvoedende onderwys kan gee nie. Die eis word eenvoudig aan die beoefenaar gestel dat daar 'n bepaalde beskouing oor die mens bestaan, dat daar 'n bepaalde rangorde van waardes gehuldig word, dat bepaalde norme aangewend word en dat daar 'n bepaalde voorkeur in die aard van die gerigtheid op objektiewe waardegebiedens bestaan. Hiermee moet hy akkoord gaan. Dit beteken allermins dat opvoeding en onderywс verlede-gerig moet wees. Soiets sal steriliteit- en progressiewe selfmoord meebring. Die beoefenaar van hierdie beroep moet derhalwe rekening hou met die regulatiewe en die konstitutiewe elemente uit die verlede. Maar onderskrywing van hierdie konstitutiewe en regulatiewe elemente beteken geensins onverskilligheid en koue afsydigheid teenoor nuwe eise en behoeftes nie. Die maatskaplike struktuur word deur sy ewige dinamiek gekenmerk. Ideologieë kom en gaan, die tegniek lewer 'n nuwe sosiale en etiese problematiek en soos die wetenskap vorder, kom daar gedurig nuwe gesigspunte en beskouinge vorentoe waaruit ook die beroep kan profiteer of wat hy moet weer. En as omwentelinge van radikale aard as gevolg van krisisse en selfs rewolusies op die skool mag afstorm as sy aangewese kweekplek en as hervormingsideologieë van ingrypende aard op hom afgeforseer word, het die skool as staatsinrigting maar weinig versetkans. Die lewe as goeie regspreker sal egter aanwys óf wat buitekant die skool gebore is in die skool gepropageer mag word.

(b)/.....

(b) Die Beroep in sy psigologiese Faset: 'n Tweede sektor van die beroep in sy empiriese feitelikheid is die psigologiese. Die psigologie as die verklarende wetenskap van gedragsuitinge van 'n organisme, - in casu die skoolpligtige kind, - in funksionele samehang met die geheel van die sielelewe, beslaan 'n uiters belangrike faset van die beroep in sy totaliteit. Deesdae kan die beroep vir sy teorie en praktyk sonder 'n empiriese opvoedkunde eenvoudig nie klaarkom nie.

Indien ons die begrip 'opvoeding' kan omskrywe as die geheel van opsetlike, intensionele en verantwoordbare gedragswyses wat van 'n persoon of persone, bekend as opvoeders, uitgaan en wat daarop bereken is om 'n verandering of veranderinge waaraan waarde geheg word by ander persone, bekend as opvoedelinge, te veroorsaak en op die duur te bestendig sodat hulle die veranderinge as eie doelstellinge innerlik sal aanvoel en aanvaar, en uit eie inisiatief sal probeer verwesenlik, sal die volgende enkele opmerkinge in verband met hierdie faset van die beroep vir hulleself spreek. Wanneer die onderwyser opvoed, verkeer hy in die direkte teenwoordigheid van kinders, van wordende volwassenes. Dis 'n paar of 'n groep en hierdie groep opvoeder-opvoedeling(e) is van heterogene aard. Daar is 'n volwassene of sedelik selfstandige en oordeelkundige teenoor sedelike afhanklikes en onoordeelkundiges. Alhoewel die meer progressiewe opvoeding die opvoeder-onderwyser sy tradisionele voor-aan-posisie in die teenwoordigheid van sy opvoedelinge ontsê, is vir opvoedingswerk sy aanwesigheid, waar ook al in die lokaal, of buitekant, tog noodsaaklik. Hy moet waarneem en lei en deur 'n verantwoordbare proses van middele-keuse en middele-aanwending sy opvoedelinge beïnvloed. Hulle is die voorwerpe van sy opvoedkundige bemoeienisse; hulle gedragswyses moet deur normering

gewysig/.....

gewysig word want hulle moet in die rigting van die waardevolle en die goedkeurenswaardige gehelp word en wel deur verandering van wil en waardebepaling. Uit hulleself kan hulle dit nie bereik nie. Sy taak is dus dié van simpatieke en welgemeende hulpverlening. Na mate hulle dan vorder en die beoogde veranderinge as eie doelstellinge innerlik aanvoel en aanvaar, en uit eie inisiatief probeer verwesenlik, word sy posisie geleidelik meer oorbodig en kan hy hulle aan die lewe en die lewe aan hulle oorlaat.[1] Maar dit gaan vervolgens ook om die bybring van kennis, kundighede en vaardighede sowel as die behartiging van hulle liggaamlike welsyn. Daar is laastens ook nog die gemeenskap en die beroepswêreld waar hy as mens en as arbeider op verantwoordbare en toerekenbare wyse sy plek moet inneem.

Die psigologie as verklarende wetenskap het o.a. ook as taak om insig in die kousale samehange van die bestaande gedragswyses te verskaf. Dit ondersoek hierdie empiriese feitelikhede as feitelikhede. Dit stel sy hipoteses en teorieë op en as die feite hierdie teorieë bevestig, is sy taak as wetenskap om die funksionele samehange te verklaar, vir die besondere geval afgehandel. Die psigoloog as opvoedkundige kan hierin onmoontlik berus. Sy taak is verandering van die gedrag deur die verwydering van die oorsake en om nuwe oorsake te substitueer. Die feitelike moet gewysig word maar wysiging deur substitusie kan nie geskied as daar geen toereikende kennis en insig in die waarom van die gegewene bestaan nie. Verantwoordbare en opsetlike gedragswyses of die keuse en die aanwending van bepaalde middele is dan eers verantwoordbaar en intensioneel as dit deur toereikende insig en motivering gedra word.

Die/.....

(1) cf. van der Spek: Moeilijkheden bij de opvoeding onzer kinderen.

Die bekende Robert Casimir onderskei 'n viertal opvoedingsmiddele nl.

(i) die prinsipe van die vryheid vir die kind of die geleentheid tot uitgroei, want 'niet schaden is eerste opvoedingswet',

(ii) die prinsipe van die gawe of verskaffing van doelmatige ontwikkelingsmateriaal,

(iii) die prinsipe van aktivering, d.w.s. om die kind te prikkel, te besiel en belangstelling te wek om tot selfgewilde arbeid oor te gaan en

(iv) die prinsipe van belemmering en van oplegging, d.w.s. die teengaan, desnoods deur verbod, van daardie neiginge en strewinge wat afkeurenswaardig is.(1)

Om die voorgaande, mynsinsiens onverbeterlike formulering van die opvoedingsdaad, aan die hand van genoemde middele te kan laat gedy, vereis behalwe die goeie wil ook toereikende insig. Kennis van die liggaamlike behoeftes en ontwikkeling, kennis van die kinderpsyche waaronder die denkproses, die emosionele lewe, wense, begeertes, drange, strewinge, neiginge, kennis van veral die kinderlike wils- en keuringslewe, van werkinge van die erflikheid en milieu, van profilakse sowel as therapie, om maar slegs enkeles te noem, is almal soveel afdelinge waaromtrent verklarende insig absoluut essensieel is. Om opvoedend te help, beteken om uit wete wetend en willend te help. As gesê mag word dat niemand in onwetendheid sondig nie, kan tog met reg beweer word dat wie met die oog op opvoedingswerk onwillig is om te wete te kom, reeds gesondig het. Om 'n frase van Sokrates te mag wysig: kennis gepaard met goedwilligheid lei tot goeie opvoeding. Vanselfsprekend sal

geen/.....

(1) Casimir: Langs de Lijnen van het Leven, 17-18.

geen psigologiese navorsing, hoe deeglik en diepgaande dit ook mag wees, ooit volledige insig in een enkele kindergemoed gee nie. Ons sien maar steeds deur 'n spieël in 'n raaisel. Maar soveel staan reeds onwrikbaar vas: die bevindinge op basis van wetenskaplike ondersoek het feite aan die lig gebring waarmee die beroepsbeoefenaar besliste rekening moet hou. Ons het hier inderdaad met wetenskaplikheid in die strenge sin van die woord te doen. En as daar werklik 'n element van wetenskaplikheid in die beroep skuil, dan lê dié oorwegend in die psigologiese aspek daarvan. 'n Kennis van die bevindinge uit die kinder-, of jeug- en genetiese sielkunde, die psigometrika, psigotegniek, psigo-patologie, psigo-therapie, beroepsielkunde, ens. ens. is vir didaktiese, metodiese en therapeutiese aangeleenthede eenvoudig onontbeerlik. Die gevaar van 'n algehele verpsigologisering van die beroepswerksaamhede is vanselfsprekend nie uitgesluit nie. Iemand het reeds al beweer: "it is no exaggeration to say that the whole texture of modern educational thought is largely psychological."(1) Mens dink hier veral aan die aan nihilisme grensende toepassing van psigologiese insigte op die klaskamer- en algemene skoolbedrywighede van byvoorbeeld Ellen Key, Homer Lane, A. S. Neill, ens. ens. Maar selfs in die progressiewe Amerika het iemand soos Horne ernstig teen 'n ongebreidelde verpsigologisering van die onderwys gewaarsku. So sê hy: "repression is a necessary phase of expression. Under the influence of paido-centricism (what a hybrid!) self-expression may easily become self-explotion."(2)

Uit die voorgaande blyk seker voldoende watter besondere eise die onderwysberoep in sy psigologiese opset meebring. Om opvoedkundige te wees, beteken om ook psigoloog te wees.

Die/.....

(1) Wheeler: Creative Education and the Future, 19.
(2) Horne: This New Education, 82.

Die beroep vereis 'n diepgaande kennis van die kinderlike geaardheid in al sy vertakkinge, daardie indiwidueel eie, eiesoortige, eenmalige, onherhaalbare en in sy diepste wese onkenbare grootheid.

(c) Die Beroep in sy Sosiologiese Faset: Teenswoordig vervul die opvoedkundige sosiologie meer en meer 'n sentrale plek in die opvoedkundige wetenskap. Die opvoeder-onderwyser het die kind maar vir enkele ure van die dag, vir 'n deel van die week, 'n deel van die jaar en maar 'n geringe deeltjie van sy lewe onder sy direkte beïnvloeding. En waarmee hy die kind smiddags huistoe stuur, daarmee kan hy nie die volgende oggend weer begin nie. Die kind is aan geweldige invloede buitekant die skool blootgestel. Daar is die ouerhuis, vrye tyd, buiteskoolse aktiwiteite, die wêreld van vermaaklikheid, verskynsels soos armoede, werkloosheid, behuisingsprobleme, drankmisbruik, smokkelhandel, kinderverwaarlosing, rondtrekkery, vervoermoeilikhede, krisistye, agterbuurtes, en 'n legio meer sulkes.

As gevolg van die daeliks toenemende ingewikkeldheid van die maatskaplike orde soos o.a. blyk uit die geweldige stryd om die bestaan, stygende lewenskoste, genadelose kompetisie op grond van die winsmotief, die toenemende aantal sosiale eeuwels, skofwerk dwarsdeur die week, beroepsgelykwaardigheid van vrou en man, e.d.m., word opvoeding en onderwys meer en meer 'n sosiologiese aangeleentheid. Die beroep is genoodsaak om sy voelhorings op elke terrein van die lewe uit te stoot. Die beoefenaar van hierdie beroep sal in die toekoms al meer en meer sy taak buitekant die afgebakende terrein van die skool vind. Die probleme van die voorskoolse kind, geestesgesondheidsorg, beroepsleiding en die noodsaaklikheid van nasorgwerk in verband met die skoolverlatende jeug, om van die onderwys vir volwassenes nie eens te praat nie, is almal fundamentele aspekte van die beroep. Melding moet ook gemaak word van die lofwaardige praktyk van so baie lede van die beroep om naamlik

die/.....

die gemeenskap ook in sy kultuurlewe, kultuurverenigings, kultuur- en volksfeeste, kerklike ampswerk, sondagskool- en katkisasiewerk, ens. te dien. Daar word haas net soveel beslag op sy vrye tyd gelê as wat sy ampspligte van hom verg.

(d) Die Beroep in sy kultureel-ekonomiese Faset: Die onderwysberoep het twee sentrale take om te verrig, naamlik kulturele vorming en beroepskeuseleiding. Wat moet van die wordende mens gemaak word? Watter plek moet die kultuurvormende vakke teenoor die meer utilisties-pragmatiese inneem? Watter tipe skool moet gepropageer word en watter een van die bestaandes voldoen die beste aan die eise wat die lewe stel? Beide Dewey en Kerschensteiner laat in die meeste van hulle werke deurstraal dat die opvoedeling tot arbeider, burger en mens moet ontwikkel. Die aktuele vraag vir ons doel is: eers arbeider of omgekeerd? Of is dit miskien net een van die twee en dan die een ten koste van die ander? Feit bly dat inherent in die beroep die noodsaaklikheid opgesluit lê om die kind kultureel te vorm sodat hy ten volle mens sal word en mens sal bly maar dat hy dit ten volle word en bly ook en alleen deur die arbeid.

(e) Die Beroep in sy Staatkundige Faset: Hier te lande het ons oorwegend met die staatskool te doen. 'n Stelsel van vry verpligte onderwys kenmerk hom altyd deur 'n sterk inslag van heteronomie. Die staat het op grond van sy finansiële uitgawes wat hy maak in verband met salariëring van leerkragte en die onderhoud van geboue en toerusting die reg tot inmenging en kontrole. Die kontrole kry hy deur middel van wette, ordonnansies, regulasies, omsendbriewe, diensvoorwaardes, ens. Om hom daarvan te vergewis dat sake na behore sal verloop, benoem hy sy uitvoerende en adviserende amptenare, rade en kommissies. Al hierdie amptenare en liggame bemoei hulle direk en indirek met die aangeleenthede van die skool. Van vryheid, om van willekeur nie eens te praat nie, is daar derhalwe in die onderwysberoep geen sprake nie. Die beoefenaar van hierdie

beroep/.....

beroep staan onder 'n hierargie van gesag- en kontrole-uitoefenende liggame en persone. Van hom word daar rekenskap gevra en word sy werk gereëld periodiek gekontroleer. Van 'n bloot administratiewe oogpunt is soiets vanselfsprekend geregverdig en gebillik.

Maar onderwys en opvoeding in Suid-Afrika is helaas die speelbal van politieke groeperinge en wisselinge wat nie alleen rekenskap eis nie maar hulle op 'n besondere wyse ook inmeng in opvoedkundige beleidsake. Die regerende groep bepaal die beleid insake opvoeding en onderwys. Soos dit in die Transvaal vir die grootste gedeelte van die veertiger jare gegaan het, is nie alleen die beleid nie maar ook die metodes van onderwys van buite die beroep bepaal. Dis ongelukkig so dat die ideologie en die praktyk wissel met die bewindhebbers.

Die onderwysberoep ondervind dus aanmerklike, soms oorwegende inmenging van buite. Die gevaar is beslis nie denkbeeldig nie as beweer word dat die opvoeder-onderwyser maklik uitvoerende amptenaar in plaas van opvoedkundige wegbereider word. Die beoefenaar van die beroep sal in die lig van die voorgaande dikwels bereid moet wees om sy persoonlike oortuiginge ter syde te stoot terwille van die uitvoer van opdragte. Die psigologiese uitwerking van so'n toedrag van sake is dikwels verreikend.

Ook die finansiële aspek van die beroep is 'n staatsaangeleentheid, hoewel die beginsel van konsultasie met die georganiseerde 'professie' ten aansien van salarisskale en diensvoorwaardes eerbiedig en gehandhaaf word. Die finansiële vergoeding wat sal volg, kan dus vir jare vooruit al bereken word. In vergelyking met die professies is die vergoeding uiters gering, hoewel die werklikheid van die traktement 'n maandelikse versekering is. Die beoefenaars van die beroep geniet verder ook besondere beskerming by monde van kontrak of verbintenis wat met die owerheid aangegaan word. Wetlik is

die/.....

die beoefenaar, behalwe dat hy onder verpligtinge staan, ook beskerm. Periodieke lang- en siekteverlof sowel as die gedagte aan 'n pensioen op die oudag, kompenseer vir baie griewe en ongeriewe.

Promosie in die beroep is moontlik maar in die lig van sy groot aantal beoefenaars is die kanse om na die hoëre en hoogste poste bevorder te word, maar redelik gering. Gevolglik is die wedywering ook baie sterk. In die meeste van die provinsies is die drang tot promosie 'n individuele aangeleentheid. Verskuiwinge behalwe uit eie beweging vind onder normale omstandighede weinig plaas, sodat die aanskaf van 'n eie besitting 'n positiewe onderneming is. Behalwe dus dat die beroep deur sy inmenging van buite af gekenmerk word, behels dit ook die so noodsaaklike element van sekuriteit, van persoonlike en familieveiligheid op grond van die versekerde maandelikse inkomste en die verblyfsekerheid.

(f) Die Beroep in sy Praktiese Opset: In verband met hierdie faset van die beroep staan sekere dinge prominent op die voorgrond. Die mees uitstaande kenmerk hier is dat die funksie wat verrig word, op mense en mense alleen betrekking het. Dis wel wordende mense, rypende persoonlikhede, volwassene-wordendes, maar dis wesens wat tot dieselfde klas as hy behoort waarmee hy in sy beroepswerk besig is. Dis dus 'n gemeenskap, 'n groep of 'n paar van ongelykes. Dieper gesien het ons hier met die draer van 'n grondhouding teenoor die voorwerpe van sy beroepsverbondenhede te doen. Met hierdie grondhouding benader hy sodanige wesens wat ewe-eens vir die ontwikkeling van 'n grondhouding bestem is. Hulle openbaar vatbaarheid vir beïnvloeding. Daar is derhalwe die moontlikheid en die werklikheid van kommunikasie. Dis geen mens-masjien- of mens-dingverhouding nie maar 'n mens-mensverhouding wat deur wisselwerkende verandering gekenmerk word. Die verhouding is een van aanvoeling, van simpatieke inlewing en meebelewing, van harmonie of van spanning. Die irrasionele komponente in mensebestaan maak

hulle/.....

hulle in hierdie wisselwerking so sterk kenbaar. Mens dink aan die sentimente van liefde en haat, begeleidende gevoelens van aantrekking en afstoting, van toegeneentheid en verwydering, van aangenaamheid en onaangenaamheid, van goed- en afkeuring.

Behalwe dat hy met wordende mense te doen het, moet die beroepsbeoefenaar ook met beroepsgelykes, beroeps-oor-hom-gesteldes, 'n owerheid en ouergemeenskap assosieer en ko-opereer. Die sosialiteit of die sosiale inslag van die beroep is dus uitstaande. Die gesonde verbeelding kan hieruit reeds aflei dat die beroep die eis inhou dat sy beoefenaar met mense en veral met wordende mense sal kan omgaan, dat hy maklik en spontaan met ander kontak sal maak en dat hy hom sonder emosionele spanning by 'n situasie sal kan aanpas. Elke mens-tot-mensverhouding is 'n unieke situasie wat telkens in die tyd en die ruimte verander. 'n Vinnige aanpassingsvermoë is derhalwe 'n eerste voorwaarde vir suksesvolle beroepsbeoefening. Vir skrywer hiervan hou hierdie noodsaaklikheid van aanpassing tog die volgende eienaardigheid maar ook noodsaaklikheid in, naamlik dat jy jou eers by die situasie in sy unieke eie-soortigheid moet aanpas, die situasie deur simpatieke mee-belewing persoonlik moet deurlewe en wel deur die 'tegniek' van blitsvinnige sinbegrypende nabelewing. Wanneer die situasie deurlewe en begryp is, moet hierdie situasie wat in werklikheid nou jou situasie is, oorbrug word. Oorbrugging geskied deur normering, deur substitusie van nuwe oorsake wat van die persoon self uitgaan, met die gevolg dat die situasie hom uiteindelik by die beoefenaar moet aanpas. Hierdie aan-passing-heraanpassing word telkens deur 'n wilsbesluit onderlê. Daar is 'n bestaande situasie. 'n Nuwe situasie moet ontstaan. Dit vereis die volgende: die voorstelling van 'n nuwe situasie wat uit die bestaande moet ontwikkel. Deur 'n wilsbesluit moet op die bestaande situasie ingegryp word om die voorgestelde nuwe situasie te laat ontstaan. En as die voorgestelde situasie nie intree nie, moet daar opnuut weer besluit word.

Indien/.....

Indien daar een saak is wat duidelik ingesien moet word by elke mens-tot-mensverhouding, veral wanneer hierdie verhouding 'n opvoedingsverhouding is, dan is dit, gesien van die kant van die opvoeder, dat die een wilsproses hom na die ander, soos die een situasie op die ander volg, afspeel. Gedurige aanpassing word geverg, wat geen meganisme nie maar gewilde na- en terugaanpassing is. Om dié rede is opvoedings- en onderwyswerk ook van so'n kraguitputtende aard. Vanselfsprekend sal die vermoeienis des te minder wees na mate die aanpassing des te makliker, spontaner en natuurliker is. Indien die geaardheid van die beroepsbeoefenaar sodanig is dat sy aanpassing deur wilsbesluit deur sodanige komponente veroorsaak word wat geen dilemmas of emosionele opwinding inhou nie, sal die aanpassing en terugaanpassing des te gouer en geslaagder wees. Op die wilshandeling as sodanig word later volledig ingegaan en sal buitengewone aandag aan die wilslewe en wat alles hiermee saamhang van die opvoeder-onderwyser geskenk word. In hierdie studie gaan dit in 'n buitengewone mate hierom.

'n Tweede kenmerk van die praktiese opset van die beroep is dat die beoefenaar 'n dubbele funksie verrig. Hy is opvoeder en onderwyser. As opvoeder wil hy, soos reeds aangetoon is, veranderinge waaraan waarde geheg word, teweegbring met die doel om sy opvoedelinge die doelstellinge as eie doelstellinge uit eie inisiatief na aanvaarding daarvan te laat verwesenlik. As onderwyser wil hy kennis, kundighede en vaardighede bybring. In die oorgrote meerderheid gevalle gaan hierdie twee funksies saam sodat nie van die opvoeder of die onderwyser gepraat mag word nie, maar van die opvoeder-onderwyser. In hierdie opsig is die onderwysberoep werklik 'n unicum maar juis hierom kan dit ook tot soveel misnoeë en onvergenoegdheid by die beoefenaars aanleiding gee nl. opvoeding ten koste van onderwys of onderwys terwille van onderwys.

As/.....

As derde kenmerk onder hierdie hoof moet die afwesigheid van direk meetbare resultate genoem word. Wat onderwys betref, kan mens miskien nog op onmiddellike reaksies reken en die prestasies meet. Maar wat opvoeding betref, tree die gewenste en die verwagte resultaat dikwels na jare eers in. In die meerderheid gevalle sien mens gladnie die 'vrug' op die arbeid nie. Dis hier 'n geval van die brood op die water uitwerp om dit na baie jare miskien terug te ontvang. Opvoedingswerk is geloofswerk en verder is dit werk wat in gedurige afwagting en verwagting gedoen word. En waar daar noodwendig meting kan plaasvind en mag plaasvind, kan die kwantitatiewe berekening van die waarde van die resultaat nooit die subjektiewe element uitskakel nie. Ons het met mense te doen en wat die moontlike meetbaarheid van die verstandsgehalte en sy prestasies betref, moet onthou word dat die verstandelike sy van sy persoonlikheidstruktuur maar 'n uiters klein deeltjie uitmaak.

'n Volgende kenmerk van die beroep is sy georganiseerdheid, sisteem en roetine. Daar is bepaalde dae van die weke, vasgestelde ure van die dag, 'n werkprogram volgens 'n werkrooster, ens. 'n Bindende invloed word dus op die beoefenaar uitgeoefen. Maar aansluitend hierby moet die kenmerkende roetine genoem word. Deeglike voorbereiding is nodig, die geskrewe werk van die leerlinge moet gedurig gekontroleer word, eksamens bring addisionele verpligtinge mee en gedurig moet state en dokumente voltooi word. Sekere dinge moet onmiddellik gedoen word en hulle moet gereëld gedoen word. Aansluitend hierby moet die feit van gedurige herhaling jaar na jaar van dikwels dieselfde werk met die vereiste kontrole daarvan vermeld word. Die sleur wat onvermydelik in die beroepswerk opgesluit lê, kan maklik afstompend en verlammend op die beoefenaar inwerk. Dit word gelukkig weer goedgemaak deurdat die kind of klas waarmee hy jaarliks te doen kry,

nooit/.....

nooit dieselfde is nie. Daar is altyd verandering, vernuwing en nuwe strukture waarmee hy te doen kry.

'n Besonder belangrike aspek van die beroep in sy praktiese opset is die feit dat die verpligtinge van die opvoeder-onderwyser nie net tot die terrein van die skool en duur van die skooldag beperk is nie. Hoe langer hoe meer word, soos vroeër reeds opgemerk is, die werk van 'n buiteskoolse aard. Die aktiewe deelname aan buiteskoolse aktiwiteite van die beoefenaar bepaal meer en meer sy bevoegdheid vir die werk. So lui een van die artikels in die diensvoorwaardes van onderwysers in die Transvaalse Onderwysdepartement byvoorbeeld:

"Die verantwoordelikheid van 'n onderwyser is nie uitsluitend beperk tot die nakoming van sy pligte tydens die skoolure en binne die skoolterrein nie. Wanneer die prinsipaal dit vereis, sal hy sy behoorlike aandeel neem in die organisasie van en toesig op skoolbiblioteke, sport, ekspedisies, kadetkorpse en ander werksaamhede in verband met die skool. Hetsy hy hoof of assistent is, kan hy binne redelike perke verantwoordelik gestel word vir die gebreke in die skoolbesoek, tug, reinheid, gesondheid of sede van die kinders onder sy toesig. Die direkteur kan verder van hom verlang om op die gebruiklike voorwaardes te loseer in 'n erkende koshuis verbonde aan die skool of om te loseer binne 'n redelike afstand van die skool, en as hy nie in die koshuis loseer nie, sal die afstand tussen sy woning en die skool geen verontskuldiging wees om nie deel te neem aan die werksaamhede genoem in hierdie artikel nie."

Ook nog die volgende kenmerk van die praktiese sy van die beroep verdien vermelding. In 'n stelsel van vry verpligte onderwys het die onderwyser gedurigdeur met staatseiendom te doen. Hy dra die verantwoordelikheid vir die instandhouding en vervanging daarvan en moet hy aanhoudend enige en elke vorm van vandalisme teengaan. Maar hy hanteer meermale ook groot bedrae geld. Hier word aan die stelsel van skoolvoeding in die Transvaal gedink, aan spaarklubs, skoolfondse, fondse vir die reiniging van skoolgeboue, ens.

'n Buitengewoon belangrike aspek van die beroep in sy praktiese opset is die ouergemeenskap. Met hierdie gemeenskap moet die beoefenaar terdeë rekening hou. Hy kan alleen die kind ten beste help wanneer hy hom gedurig in sy sosiaal-

kultureel-/.....

kultureel-ekonomiese milieu sien. Die ouergemeenskap is besonder heterogeen ten aansien van ekonomiese gesteldheid, trap van ontwikkeling, godsdienstige oortuiginge, nasionale en politieke beskouinge, private en openbare eenbaarheid en fatsoenlikheid, kulturele aktiwiteite, beroepsbeoefening self en 'n byna legio meer sulkes. Sy opvoedelinge kom uit die grootste verskeidenheid huise met hulle sedelik-godsdienstig-kultureel-ekonomiese agtergrond. Hierdie kinders, elkeen met 'n eie geskiedenis, lotgevalle, aanleg, intelligensie, liggaamsgebreke, wil en waardebepaling, ens. ens. moet deur hom as gelyk en gelykwaardig beskou en behandel word. Die ouergemeenskap in sy heterogeneïteit kan in party gevalle buitengewone kwaadwilligheid aan die dag lê waardeur vooroordeel, vooringenomenheid, partydigheid en subjektiwiteit teenoor die persoon van die onderwyser by die kind gewek word. Dit is verder 'n algemeen bekende feit dat die probleemouer 'n probleemkind skooltoe stuur. Onmiddellik word natuurlik gewonne gegee dat die skool by monde van die probleemonderwyser(es) ook 'n besondere aandeel in die vorming van die probleemgeval kan hê.

Onder hierdie hofie moet verder in gedagte gehou word dat dit nie net die skool is wat opvoedingswerk verrig nie. Die ouer doen dit en is trouens verplig om dit te doen. Maar die verskille tussen die opvoeding tuis en op skool is meermale baie groot. Dit is die ouer se plig, voorreg en reg om sy kind op te voed maar hierdie ouervoorreg en veral ouerreg kan maklik omslaan in ouereise en ouereiegeregtigheid. So dikwels tref mens in elke ouergemeenskap 'n paar onverbeterlike beterweters aan. Maar gelukkig kan die aard en gesindheid van hierdie gemeenskap in baie gevalle van onskatbare waarde en diens wees.

'n Volgende aspek van die beroep in sy praktiese opset wat genoem moet word, het betrekking op diegene wat in gesag bokant hom geplaas is en aan wie hy gehoorsaamheid verskuldig is.

Mens/.....

Mens dink aan die verskillende rade, kommissies, liggame van beheer, die inspekteur, direkteur en ook die skoolhoof as hy dit self nie is nie. Die beroep bring dus in hierdie opsig besondere eise mee. Iemand wat weier om onder gesag te staan, wat gedurig in verset kom teen regulasies, ordonnansies, wette, ens. en wat geen opdragte kan of wil uitvoer nie, of wat ook nie na simpatieke en welgemeende advies wil luister nie, sal beslis 'n beroepsmisplaaste wees. Mens is in hierdie beroep nou maar eenmaal nie jou eie baas nie.

'n Laaste aspek wat hier genoem moet word, het betrekking op die beoefenaar self. Hièrdie studie gaan soos herhaaldelik reeds vermeld is, oor die persoon van die opvoeder-onderwyser self. Maar hier word vooraf nog nie aan die eienskappe van die suksesvolle beoefenaar van die beroep gedink nie, net maar aan die feit dat hy terdeë ook met die publieke opinie rekening moet hou. Hy is dit aan homself en sy beroep verskuldig om sy persoonlike en huislike prestige te handhaaf en te konsolideer. Verder moet hy nousienend op sy private en publieke lewe en optrede let. Sy politieke oortuiginge is sy privaatsaak. Hy moet 'n bepaalde lewenspeil handhaaf en aan die norme van die openbare fatsoenlikheid sonder smet of rimpel voldoen want hy vorm meermale die skyf waarop 'n kwaadwillige publiek by wyle sy misnoeë kan afskiet. Hy is dus iemand wat eintlik nooit met vakansie is nie.

In die voorgaande paragrawe is 'n beskeie poginkie aangewend om 'n objektiewe en saaklike beskrywing van die onderwysberoep te gee. Dit behoort duidelik te blyk hoe veeleisend en veelomvattend die beroep is. Daar is na die oordeel van die skrywer hiervan geen ander beroep of professie wat soveel aspekte inhou as die onderwysberoep nie. En omdat dit so baie eise inhou en so baie fasette beliggaam, kan mens meteen al verwag dat die beoefenaar hiervan aan besondere vereistes moet

voldoen/.....

voldoen. Nou glo en weet ons dat ondanks die menigvuldigheid van eise en aspekte wat deur die beroep ingehou word, daar baie suksesvolle beoefenaars van die beroep was en is. Oor hulle gaan hierdie ondersoek. Die vraag is wat hulle kenmerke en eienskappe is om arbeid te verrig soos hulle dit verrig. Watter grondhouding reflekteer hulle teenoor die verskillende probleemkringe, veral die kringe van hulle beroepsverbondenhede? Watter lewensopvatting huldig hulle, m.a.w. watter interpretasie gee hulle aan die sin van menslike bestaan? Is daar gemeenskaplikheid van grondhouding en hoedanig is die? Kortom: wat is die "Lehrerurbild"?

Die objektiewe beskrywing van die beroep wat hier aangebied is, moet nie as teoretiese konstruksie of as empiriese toetsing gesien word nie. Dis 'n blote feitelikheid en niks meer nie. Mens kan vanselfsprekend met 'n bietjie gesonde verbeelding, indien die beskrywing korrek, volledig en toereikend is, 'n struktuur of 'Urbild' ontwerp. Dis dan 'n teoretiese konstruksie en is produk van die gesonde verbeelding. Soos reeds vermeld is en soos nog volledig aangetoon sal word, het baie ondersoekers hierdie weg gevolg. Dit was seersekor nie sonder vrug nie. Dis verder ook onvermydelik dat in die benaderingswyse van die probleem, d.w.s. die ontwerp van die empiriese toetsing daar noodwendig van komponente uit die struktuurtipiese gebruik gemaak moet word. Dis ook wat in hierdie ondersoek gebeur het. Mens kan mynsinsiens in 'n ondersoek van hierdie aard gèen ander weg volg nie. Dit staan vir my vas: in die benadering en die formulering van 'n probleem word reeds oor 'n moontlike oplossing beskik. Mens kan jou probleem mynsinsiens eenvoudig nie formuleer nog minder ondersoek as jy nie reeds 'n vermoede het wat die oplossing gaan wees nie of dan minstens wat die antwoord behoort te wees nie. Ons begin dus met teoretiese konstruksies, voer hiermee

empiriese/.....

empiriese toetsing uit en eindig dan weer met 'n teoretiese konstruksie.

3. BEROEP EN PROFESSIE.

In die voorgaande is herhaaldelik en so goed as uitsluitlik van die onderwysberoep of van onderwys as 'n beroep gepraat. Waarom dan nie van 'n professie nie. Hieroor wil ons graag die een en ander opmerk hoewel ons by voorbaat weet dat ons groot meningsverskille sal aantref.

Wanneer skrywer hiervan vir die behoud van die term beroep in plaas van professie vir die onderwys pleit, wil hy onmiddellik en met nadruk konstateer dat hy die eerste en die laaste sal wees wat hom sal beywer om die onderwysberoep minstens dieselfde status as dié van die professies te besorg. Maar wanneer hy dieselfde status as dié van die professies mag verkry, sal skrywer nog steeds pleit om onderwys niks anders as 'n beroep te beskou nie, tensy die professies in opset en praktyk verandering ondergaan. Die term 'beroep' het vir skrywer betrekking op die beoefening van sodanige funksies of werksaamhede waar daar 'n groot, byna oorwegende mate van waardebepaling, waardevoorkeur en waardeverwesenliking mee gepaard gaan, veral die sosiale, sedelike en religieuse waardes. Die beroep is 'n sodanige arbeidsverrigting waar daar opsetlike, intensionele en verantwoordbare beïnvloeding van mense plaasvind met die oog op hulle verbetering. 'n Beroep dui op 'n oorwegende mens-tot-mensverhouding waar normering, gedra deur 'n lewensopvatting op die voorgrond tree en waarin dit om die sin en bestemming van mensebestaan gaan. Waar dit tydens die opsetlike, intensionele en verantwoordbare beïnvloeding 'n mens-tot-mensverhouding of 'n opvoeder-opvoedeling een was, moet die verhouding na doelbereiking 'n ek-my-naaste, ek-behoorlikheid en 'n ek-U-verhouding wees. By die beroep gaan dit om die mens in

al/.....

al sy fasette; dit raak die volledigheid van sy bestaan. Ons dink hier aan die geweldige betekenis wat die Eksistensie-filosofie van ons tyd vir die opvoedkunde het. Hieraan is nog so goed as niks gedoen nie, behalwe dat Kohnstamm in 'n artikel uit sy pen die saak vanuit sy standpunt aangeraak het.(1)

Die professies dui op dié reeks 'beroepe' wat 'n besondere mate van intellektuele, motoriese en koördinatiewe begaafdheid en gespesialiseerde opleiding veronderstel en wat teenswoordig tot soewereiniteit, outonomie en geslotenheid in eie geledere gelei het. Hierdie geledere is selfonderhoudend en self-beskermend en staan hulle hier te lande op die oomblik nog betreklik los van enige staatsbeheer. Ingryping van staats-weë en vervolging deur die gereg kan alleen plaasvind wanneer daar oortuigende bewys gelewer kan word dat daar opsetlike leed veroorsaak en skade aan 'n ander berokken is. Die finansiële aspek wat aan die professies verbonde is, skyn van deurslag-gewende betekenis te wees. Mens kry die indruk asof dit in die medisyne, wet, tandheelkunde en aptekerswese meer om die wins- as diensmotief gaan. Die vraag is dikwels of die naaste-in-nood en die behoeftige op die pad nie as 'n potensiële finansiële bron van inkomste beskou word nie. Hiermee word egter allermins voorgegee dat niemand in die genoemde profes-sies hom die nood van die naaste nie meer aantrek nie.

Wat is die kenmerke van die professies en in hoeverre beantwoord die onderwys aan die vereistes wat deur hierdie professies gestel word? Onder die baie kenmerke van byvoor-beeld die mediese professie, is die volgende waarskynlike die mees in die oogloopende wat as kriteria vir die begrip 'professie' kan dien:

(a) Die professie berus op 'n sisteem wetenskaplike beginsels wat as fondament dien vir die praktyk wat daarop gebou word.

(b)/.....

(1) Kohnstamm: Existentialisme, Personalisme en Paedagogiek, 1950².

(b) Daar is 'n kuns en 'n vaardigheid in die uitvoering van die werk waartoe die beoefenaar eers ingewy moet word en wat hom wanneer hy die inwyding ontvang het, van die buitestaander wat ook kennis van die werk mag dra, in 'n besondere mate onderskei.

(c) Binne die professie word alle lede op gelyke voet gestel behalwe in soverre as wat hulle professionele bekwaamheid aan hulle besondere onderskeiding verleen.

(d) Die professie het beheer oor toelating en uitsluiting van sy lede, hou 'n register aan en oefen tug uit.

(e) Vir die beoefening van die werk het die professie dit nodig gevind om 'n sedeleer te ontwikkel, 'n professionele etiket. Mens dink aan die bekende eed van Hippokrates.

Wanneer hierdie vyf kriteria op die onderwysberoep van toepassing gemaak word, kry ons kortliks die volgende:

(a) <u>'n Stel wetenskaplike Beginsels as Fondament</u>: Die dae is gelukkig verby dat die verloopte matroos die opvoeding en die onderwys van die kind vir sy rekening sal neem. Daar is soos reeds aangetoon, 'n wetenskaplike empiriese opvoedkunde, 'n filosofie of filosofieë van die opvoedkunde, 'n historiese opvoedkunde en 'n praktiese opvoedkunde. Daar is beslis 'n wetenskap van die opvoedkunde en hierdie wetenskap tel ook sy grootstes onder die grotes.[1] Daar word teenswoordig 'n diepgaande studie op beide akademiese en professionele gebied vereis en hy wat wil navors, sal genoeg hê om sy dors na kennis te bevredig, indien nie vir altyd onbevredig te laat nie, juis op grond van die onuitputlikheid van die problematiek. Opvoeding en onderwys is 'n lewenstaak vir sy beoefenaar; dis geen bysaak of 'n saak van gis-mis of luk-raak nie.

(b)/.....

(1) cf. Hoogveld: Keur uit de Werken, Hfs. I en III.

(b) 'n Kuns en 'n Vaardigheid in die Uitvoering van die Werk: Om die beste vir die kind te kan doen, vereis deskundige kennis van sy ontwikkeling en diepgaande insigte in die keuse en aanwending van middele ten bate van sy ontwikkeling. Maar parate kennis van 'n vak is nie voldoende vir die opvoeder-onderwyser nie. In hoofsaak gaan dit om daardie kennis vir die ontplooiing van die persoonlikheid van die opvoeder te gebruik. Kennis van die kind en 'n simpatieke verstaan van sy behoeftes en moeilikhede gaan voor die kennis van die vak. Opleiding vir die werk word algemeen erken en as absoluut noodsaaklik geag. By die dag word die werk veeleisender en meer gespesialiseerd. Ook in hierdie opsig behoef die onderwys nie vir die professies die knie te buig nie.

(c) Gelyke Status: In die onderwysberoep is alle lede medeverantwoordelik vir wat met die opvoedeling gaan gebeur. In dié opsig is die status dus gelyk. Die verantwoordelikhede van die een is groter as dié van 'n ander juis omdat koördinering toesig en beleidsbepaling en die uitvoering van die beleid so'n groot rol speel. Die graad van verantwoordelikheid en die mate van toesig gee wel besondere status in die oë van die publiek en van die onderwysowerheid. Salariëring geskied ooreenkomstig kwalifikasies, toesig en ervaring, maar ongelukkig nie altyd volgens die sukses van die gelewerde werk nie. Die verspreidheid van die lede van die beroep, onvoldoende voorbereiding in die verlede, die kort 'professionele' lewensduur van die gemiddelde lid en veral die ingryping deur die staat gee aan die beroep nie die kleur van 'professie' nie. Hy is geensins outonoom, geslote en selfversorgend nie. Inmenging van buite ontneem hom beslis die status van professie.

(d) Die Beheer: Onderwys is 'n staatsaak, maar opvoeding gelukkig nog nie. Die invloed van die staatsbeleid,

politieke/.....

politieke verwikkelinge en wisselinge hier te lande is oorgenoeg bekend. Selfs die metode van onderwys word teenswoordig staats beheerd. In hierdie opsig is die onderwys beslis geen professi nie. Die werwing en opleiding van leerkragte geskied volgens omstandighede en ooreenkomstig die behoeftes van die diens.

(c) 'n Professionele Sedeleer: 'n Sedeleer ontwikkel uit die praktyk en na mate die praktyk op 'n hoë sedelike peil beweeg, na dié mate weerkaats dit ook die gesindheid van sy lede. 'n Stel gedragsreëls kan deur niemand wat gesag uitoefen, neergelê word nie. Dit is en bly die uitkristallisering van die praktyk waartoe elke lid sy bydrae lewer. Tog moet hier verwys word na die stelle 'professionele' ereреëls van die verskillende Afrikaanse onderwysersverenigings in die onderskeie provinsies. Almal sonder uitsondering getuig van 'n hoë idealisme en 'n inherente beroepsheroïsme, sowel as van die allerlofwaardigste beginsels waaruit die beoefenaars lewe en waardeur hulle gedragslewe gerig behoort te word. (Hierdie 'kodes' verskyn as bylaes).

Die voorgaande paar opmerkinge laat mynsinsiens twee dinge na vore kom waarvoor opvoedkundiges en praktiese opvoeders hulle met reg en in verantwoordelikheid teenoor hulleself behoort te beywer om 'n sodanige status vir die beroep te verkry waardeur dit gelyk en gelykwaardig aan die professies sal wees. Hulle is:

(i) 'n gedurige aandrang uit die beroep self om die gehalte van sy opleiding steeds te verbeter. Twee sake bepaal status, naamlik die gehalte van opleiding en die gehalte van diens wat gelewer word. Laasgenoemde kan nie deur wetgewing en inspeksie beheers word nie maar is uitsluitlik van beroepseer afhanklik;

(ii) 'n aanhoudende aandrang by die betrokke instansies op groter outonomie met die gepaardgaande onvervalste reg om sy eie tug te handhaaf en om die hoë adel van sy werk in diens van

die/.....

die verhewenheid daarvan self te laat gedy. Dit sal vanself 'n verhoging van die sedeleer van die beroep en 'n inskerping van die beroepseer meebring.

Die grootste probleem bly egter hoe en langs welke weë die opvallende afwesigheid in die erkenning en waardering van die gehalte van diens goedgemaak kan word. Dit is waar: selfvergetende diens bring sy eie beloning en elke beoefenaar met die vereiste beroepseer sal teen enige vorm van reklame of advertensie beswaar maak. Die beroeps-erekode verbied dit want opvoeding en onderwys is geen handelsaak nie. Die vraag is alleen of die grootpubliek weet wat die toegewyde beroeps-beoefenaar doen. Sal hy waardeer as hy weet, of waardeer hy nie ondanks die feit dat hy weet. As laasgenoemde die geval is, dan is dit óf 'n geval van onuitgesproke kwaadwilligheid óf die 'gelewerde diens' is onbevredigend. Oor wat die werklike toedrag van sake is en hoe dit verander kan word, selfs of dit verander behoort te word, wil ons liewer swyg. Dis mynsinsiens tog 'n kardinale aangeleentheid. Dit tref dat daar vroeg en laat van die voortreflikheid van die tandarts of medikus gepraat word en baie selde van die opvoeder-onderwyser. Mynsinsiens is dit omdat hulle werk van 'n baie meer sigbare aard is. Die nood aan die man bring die mens by laasgenoemdes terwyl die noodsaaklikheid van opvoeding eintlik geen noodsaak inhou nie en as dit noodsaaklik mag wees, dan word dit nie uit die nood van die mens gebore nie. Omdat deur opvoeding geen direk sigbare en onmiddellik beleefbare 'herstelwerk' gedoen word nie, is die beoefenaar so dikwels 'n vergetene. Die aard van sy werk is dus eintlik sy grootste nadeel om die gewenste status te geniet. Hy doen 'n tipe werk wat almal doen, nl. opvoeding. Die reg van ouerskap bring dan die reg van opvoeding mee sodat wat dan op skool gedoen word, eintlik allemanswerk is en dat elkeen dit kan doen, die ouer die beste van

almal/.....

almal. By implikasie beteken dit vir baie dat wie opvoedingswerk buitekant die huis doen, geen professionele werk lewer nie. Die rede vir sodanige sienswyse is mynsinsiens omdat daar 'n geweldige kloof tussen ouerskap en opvoeding aan die een kant en die 'beroepswerk' aan die ander kant bestaan. In noue aansluiting hierby moet ook die feit vermeld word dat op geen ander arbeidsterrein die volle mens in die volle werklikheidsverbondenhede betrag word nie. Dit gaan nie om die mens as knooppunt van die werklikheid of as kort begrip van die kosmiese nie, maar steeds gespesialiseerde stukwerk.

Die aard van die resultate van die uitgevoerde ondersoek sal verder moet uitwys óf die onderwysberoep 'n beroep in die vroeër omskrewe betekenis van die woord moet bly, dan óf dit 'n professie is of behoort te word.